Kersfees @ Torings van Hoop 2019

*Op **Donderdagaand 28 November 2019**, gaan ons vanjaar se laaste **"Pastor's Restaurant"** (in die kerksaal) hou **vir dames wat vasgevang is in armoede, mishandeling en prostitusie**. Deur hulle te bedien met 'n smaaklike ete van hoender, groente en rys (gevolg deur 'n nagereg), wil ons die Godgegewe waardigheid in elkeen van hiérdié meisies en vroue eer. Geskenkies van lekkergoed en toiletbenodigdhede, saam met kunstige handgemaakte krale-hangertjies sal ook uitgedeel word. Ons verwag ongeveer 65 dames. **Jy word uitgenooi om óf kom te help met die voorbereiding van die ete, óf met die aankoop en die voorberei van die Kersgeskenkpakkies, óf om die dames op die aand in die kerksaal te bedien.***

*Op **Kersdag, 25 Desember**, verwag ons, in aggenome die getalle van die laaste aantal jare se Kersete, rondom 400+ mense. Party mag dalk net kom om die Kersdiens by te woon. Ander (soos jy?) mag dalk kom om in liefde te kom bedien. Maar by verre die meeste, sal mense kom om geseën te word met 'n spesiale Kersmaal en 'n praktiese Kersgeskenk. En ja, ons en hulle is dit werd! In Jesus, het God ons almal waardig gemaak! Hierdie jaar beplan ons om koue hoender en 'n slaai te bedien, aangevul deur vars gekookte rys en pampoen met 'n lekker kwaliteit koeldrank. Nagereg is 'n groot muffin met vla en, soos dit die afgelope paar jaar die gebruik is, 'n geskenk van lekkergoed, aartappelskyfies en toiletbenodigdhede. Jy word daarom hartlik uitgenooi om deel van hierdie baie spesiale gebeure te wees waar die arme en nie-arme kan saamkom in eenheid en dit uitbasuin, **Gloria in excelsis Deo!***

Jy kan op die volgende maniere deel wees daarvan:

1. *Sluit by ons aan vir die Kersete deur op Kersdag óf net te kom saam eet, óf te eet en te bedien, óf net te bedien.*
2. *Sluit by ons aan die week voor Kersfees deur ons te help met die voorbereiding van die ete, of die pak van die verskillende kerspakkies.*
3. *Sluit by ons aan deur by te dra (in natura of finansieel) vir dit wat vir Kersdag nodig is (sien lys van benodighede hieronder).*
4. *Jy kan ook by ons aansluit tydens ons Adventsreeks, beginnende op Sondag 1 Desember 2019 - temas & teksgedeelte vir Advent en Kersdag 2019:*

- *1ste Sondag van Advent (1 Desember, Lukas 2:29-32), tema van HOOP*
- *2de Sondag van Advent (8 Desember, Lukas 1:67-75), tema van VREDE*
- *3de Sondag van Advent (15 Desember, Lukas 1:76-79), tema van VREUGDE*
- *4de Sondag van Advent (22 Desember, Lukas 1:46-56), tema van LIEFDE*
- *Op Kersdag, Gloria in excelsis Deo! (Lukas 2:14)*

Ons het die volgende bestanddele nodig vir die Kersmaal:

- Hoender vir 400+ persone -100 hoenders of 200 *quarter legs*
  Ons beplan om die hoender vooraf gaar te maak en dit dan koud op Kersdag te bedien (twee stukke vir elkeen). Die suiker en mayonnaise is vir die wortelslaai. Die rys en pampoen sal vroeg op Kersoggend gaar gemaak en warm bedien word.
- Rys - 20 kg
- Groen Hubbardpampoen - ongeveer 40
- Wortels - 60 kg
- Suiker - 15 kg
- Gewone Mayonnaise - 10 x 750g bottels
- Gaskoeldrank - 500 blikkies / klein botteltjies
- *Muffin mix* - 20 x pakkies van 1 kg *muffin mix*

- Olie - 10 liter
- Eiers - 3 x houers van 30 elk
- *Ultramel* vla - 50 x 1 liter

  Ons beplan om die muffins vooraf te laat bak en dit dan op Kersdag saam met die vla as nagereg te bedien.
- 450 Polystyrenehouers met afskortings waarin etes bedien kan word
- 450 Polystyrenehouers waarin nagereg bedien kan word (vierkantige houers waarin hamburgers gewoonlik bedien word)
- 450 wit plastiek messe, vurke en lepels

Ons benodig die volgende produkte vir die Kerspakkies:

- Toiletseep - 500 koekies
- Tandepasta - 500 klein buisies
- Tandeborsels - 500
- Deodorant *roll-on's* - 500 (400 vir mans, 100 vir dames)
- 'n Groot hoeveelheid kleiner lekkergoed (genoeg vir een handvol in 500 pakkies)
- 'n Groot hoeveelheid aartappelskyfies (chips) (genoeg vir twee handevol in 500 pakkies)

Ons beplan om die geskenkpakkies die week voor Kersfees te pak - 'n kleiner pakkie vir die toiletbenodigdhede en 'n 2de pakkie vir die lekkergoed en chips.

Baie dankie by voorbaat vir jou aandeel om van hierdie jaar se Kersfeesvieringe 'n groot en geseënde sukses te maak!